

# AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 5  
TYD: 1 UUR

FAT 4

2018–06–05  
TOTAAL: 40

---

## INSTRUKSIES:

1. Laat drie reëls aan die bokant van jou antwoordblad oop.
2. Trek 'n puntekantlyn aan die regterkant van elke bladsy.
3. Trek 'n lyn na elke afdeling.
4. Nommer soos op die vraestel.
5. Beantwoord die vrae volgens die punttoekenning.
6. Werk asseblief netjies.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**(15)**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES**

**(25)**

---

## AFDELING A: LEESBEGRIP

Lees die onderstaande berig uit Rapport noukeurig deur.

### **Dié gratis bibliotekie wêrk en blý staan**

**Jana Smit**

<sup>1</sup>Dit was gedurende haar tyd as uitruilstudent in Nederland toe sy in 'n tydskrif oor die konsep van 'n "gratis bibliotekie" gelees het.

<sup>2</sup>Dit is 'n openbare kassie met boeke waaruit boekwurms boeke kan gaan haal en met ander vervang.

<sup>3</sup>Terug op eie bodem het Tanya Linde-Meyer (20) in 2015 dieselfde inisiatief, Little Free Library, in die Nasionale Botaniese Tuin in Emmerentia, Johannesburg begin – die eerste van sy soort in Afrika. Die eerste klomp boeke is deur die Rotariërklub van Northcliff geskenk.

<sup>4</sup>'n Glaskas ('n herwinde vistenk) met boeke is naby die ingang tot die dam opgerig, maar dit is beskadig nadat die wind dit waarskynlik omgewaai het.

<sup>5</sup>Dié bibliotekie is pas vervang met 'n stewiger kassie uit hout. En die idee het omtrent 'n snaar geraak by inwoners. Baie boeke is al met ander omgeruil.

<sup>6</sup>"Ek wou dit hier doen om die gemeenskap betrokke te maak, om 'n platform te skep vir mense om goed te doen," sê Tanya, wat deesdae 'n student in chemiese ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch is.

<sup>7</sup>Sy hoop kinders en gesinne wat die park besoek, vind inspirasie wanneer hulle 'n boek uit die kassie neem. Daar is net een reël: Wanneer jy 'n boek neem, móét jy dit met 'n ander vervang.

<sup>8</sup>Haar ouers hou 'n ogie oor die kassie terwyl sy op Stellenbosch is. Tanya sê dié gebied van die Emmerentia-dam is bekend aan gesinne en mense wat met hul honde gaan stap.

<sup>9</sup>Aanvanklik het sy gesukkel om die oprigting van die biblioteek deur die parkeraad goedgekeur te kry, want die owerheid het gevrees die kassie sou deur vandale verniel word.

<sup>10</sup>Haar pa, Karl van Staden, wat 'n maatskappy het wat houtrakke vervaardig, het gehelp om die nuwe kassie te bou.

<sup>11</sup>“Vir my is die wonderlike ding dat die konsep werk, dat die kassie – met al die drama in ons land – bly staan,” sê Karl.

- Daar is intussen ook heelwat ander gratis biblioteke landwyd opgerig. Volgens die Little Free Library-webblad is daar vier amptelike biblioteke: die een in Emmerentia; een by die Voodoo Lily Café in Birdhaven, Johannesburg; en een in elk Bloemfontein en Nieu-Bethesda. Volgens hul webblad is daar ook een by die Rustenburg Girls' High School in Rondebosch.



**Tanya Linde-Meyer by van die boeke in die Little Free Library.**

**Beantwoord nou die onderstaande vrae in volsinne en in JOU EIE WOORDE tensy anders gevra:**

1. Wie het die idee van 'n gratis biblioteek begin? (1)
  2. Hoe het sy by dié idee uitgekom? (1)
  3. Waar het sy die bibliotekie opgerig? (1)
  4. Wat was die glaskas voordat dit as 'n bibliotekie gebruik is? (1)
  5. Verduidelik waarom sy gesukkel het om die kassie opgerig te kry? (1)
  - 6. Is die volgende stellings waar of onwaar? Gee 'n rede vir WAAR EN ONWAAR:**
  - 6.1 Daar is vyf gratis biblioteke landwyd opgerig. (1)
  - 6.2 Die stigter van die gratis biblioteek woon permanent in Stellenbosch. (1)
  - 6.3 Enigiemand kan sommer net 'n boek uit die gratis biblioteek neem. (1)
  - 7. Gee een woord uit die teks vir elk van die onderstaande beskrywings:**
  - 7.1 vir almal om te gebruik. (par. 1-3) (1)
  - 7.2 Mense wat goed, sonder rede, breek. (par.8-9) (1)
  - 7.3 'n idee (par. 10-11) (1)
  - 8. Verduidelik, in jou eie woorde, wat die volgende woorde beteken:**
  - 8.1 uitruilstudent (par. 1) (1)
  - 8.2 boekwurm (par. 2) (1)
  9. Waarom dink jy is Karl van Staden so verbaas dat die kassie staande bly? Verduidelik jou antwoord in volsinne. (2)
- (15)**

---

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES**

**Vraag 1**

**Lees paragraaf 4 van die leesstuk. Beantwoord die volgende vrae:**

- 1.1 Skryf die basiswoord(e) van die woord **omgewaai** neer. (1)
- 1.2 Skryf 'n samestelling uit die lysie woorde neer: **boeke, ingang, opgerig** (½)
- 1.3 Skryf 'n afleiding uit die lysie woorde neer: **vistenk, wind, beskadig.** (½)

**Skryf sinonieme vir die donkergedrukte woorde in die onderstaande sin neer. Nommer jou antwoorde soos hieronder.**

Tanya was **(1.4) bevrees** dat mense die biblioteek sou **(1.5) beskadig**. (2)

**Skryf antonieme vir die donkergedrukte woorde in die onderstaande sin neer. Nommer jou antwoorde soos hieronder.**

Mense wat net oor hulleself en hul besittings kan **(1.6) praat** is soms baie **(1.7) hoogmoedig**. (2)

### **Vraag 2**

**Lees die onderstaande paragraaf en voltooi die opdragte daaroor.**

Dit is vir sommige mense heerlijk om **2.1 (alleen)** in 'n biblioteek te sit en lees. Met 'n boek kan 'n mens op reis gaan na **2.2 (mooi)** lande sonder om eens 'n treetjie te beweeg. In boeke ontmoet 'n mens **2.3 (braaf)** helde wat **2.4 (kosbaar)** skatte vind met **2.5 (eg)** diamante in. Hoe **2.6 (vroeg)** 'n mens begin lees hoe **2.7 (groot)** sal jou woordeskat wees. Selfs die **2.8 (oud)** boeke kan **2.9 (jonk)** kinders se verbeelding prikkel.

2.1 Skryf die korrekte intensiewe vorm neer. (1)

2.2 Skryf die korrekte intensiewe vorm neer. (1)

2.3 Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord neer.

2.4 Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord neer.

2.5 Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord neer.

2.6 Skryf die korrekte trap van vergelyking neer.

2.7 Skryf die korrekte trap van vergelyking neer.

2.8 Skryf die korrekte trap van vergelyking neer.

2.9 Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord neer. ( $7 \times \frac{1}{2} = 3\frac{1}{2}$ )

### **Vraag 3**

**Vul die korrekte deelwoord vir die woorde tussen hakies in.**

3.1 Daar word nie **(praat)** en **(klap)** mense in 'n biblioteek toegelaat nie. (teenwoordige deelwoorde) (2)

3.2 Daar het 'n half **(eet)** broodjie uit my leesboek geval. (verlede deelwoord) (1)

**Skryf die meervoude van die woorde tussen hakies neer. Onthou om die korrekte spelreël te volg.** (3x½ = 1½)

Die 3.3 (**biblioteek**) by ons skool het baie nuwe boeke gekry. Kinders kan 'n 3.4 (**foto**) van hulself bring wat teen die muur opgeplak word. Dit sal fantasties wees om 'n sagte 3.5 (**sitplek**) te hê waar 'n mens kan lees.

**Skryf die korrekte meervoud tussen hakies neer.**

3.6 Die (**baste/basse**) in die koor sing baie laag. (½)

3.7 Die jukke druk hard op die osse se (**skowwe/skofte**). (½)

3.8 Skryf 'n verklarende sin met die woord wat jy nie by 3.7 gekies het nie. (1)

**Skryf die korrekte besitlike voornaamwoorde neer om die sin te voltooi:**

3.9 Is die boeke wat hier rondlê \_\_\_\_\_, graad 5's? (½)

3.10 Jana sê vir Zuni: "As jou uitveër weg is, kan jy altyd \_\_\_\_\_ leen." (½)

#### **Vraag 4**

**Vorm 'n saamgestelde sin met die twee sinne hieronder. (Gebruik die voegwoord tussen hakies.)**

4.1 Johannes lees baie boeke.

Johannes het 'n goeie algemene kennis. (daarom) (1)

**Lees die onderstaande sin. Skryf die volledige bepalings wat in die sin voorkom, neer.**

4.2 Die boek met die kleurvolle buiteblad het in die modder geval! (2)

**Skryf die volgende sinne in die ontkennde vorm.**

4.3 Het jy al die boek, Matilda, geles? (1)

4.4 Sit die boek in jou tas. (1)

4.5 Ek is lief vir lees. (1)

**[25]**

**TOTAAL: 40**

## Memorandum Afrikaans Graad 5 Junie Eksamen

### Afdeling A: LEESBEGRIP (Spelling tel nie, toets net begrip.)

1. **Tanya Linde-Meyer** het die idee begin. ✓
2. Sy het daarvoor gelees in 'n **tydskrif**. ✓
3. In die **Nasionale Botaniese tuin in Emmerentia, Johannesburg**. ✓
4. Dit was eers 'n **vistenk**. (Nie herwinde vistenk nie) ✓
5. Die parkeraad wou haar nie toelaat nie, want hulle was bang dat mense die kassie afbreek. ✓
- 6.1 Waar, daar is vier amptelike gratis biblioteke en een by die Rustenburg Girl's High School. ✓  
(Korrekte rede en waar/onwaar = 1) **Kan net 1 of 0 kry.**
- 6.2 Onwaar, sy studeer net op Stellenbosch. ✓
- 6.3 Onwaar, as iemand 'n boek neem moet hulle 'n ander een terug sit. ✓
- 7.1 openbare. ✓
- 7.2 vandale ✓
- 7.3 konsep ✓
- 8.1 'n Student wat met 'n student van 'n **ander land of plek** uitruil. ✓
- 8.2 'n Persoon wat baie lief is vir **lees**. ✓
9. Hy is verbaas dat die kassie staande bly omdat ons so gewoond is dat alles in ons land verniel en afgebreek word. Die feit dat die kassie staande bly is amper soos 'n wonderwerk. ✓ ✓  
  
(enige relevante, goed bewoorde antwoord kan reggemerk word.) **[15]**

### Afdeling B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

#### Vrae wat halfpunte tel, sal aangedui word.

#### Vraag 1 (korrekte spelling anders 0)

- 1.1 om + waai ✓ (**albei woorde vir een punt**)
- 1.2 ingang ✓ (**half**)
- 1.3 beskadig ✓ (**half**)
- 1.4 bang ✓
- 1.5 skend / verniel ✓
- 1.6 swyg / stilbly ✓
- 1.7 nederig ✓ (**6**)

#### Vraag 2 (korrekte spelling anders 0)

- 2.1 vingeralleen / stoksielalleen ✓
- 2.2 wondermooi ✓

- 2.3 brawe ✓ (half)
- 2.4 kosbare ✓ (half)
- 2.5 egte ✓ (half)
- 2.6 vroeër ✓ (half)
- 2.7 groter ✓ (half)
- 2.8 oudste / ouer ✓ (half)
- 2.9 jong ✓ (half) (5 ½)

**Vraag 3 (korrekte spelling anders 0)**

- 3.1 pratende ✓ + klappende ✓
- 3.2 geëte ✓
- 3.3 biblioteke ✓ (half)
- 3.4 foto's ✓ (half)
- 3.5 sitplekke ✓ (half)
- 3.6 basse ✓ (half)
- 3.7 skowwe ✓ (half)
- 3.8 Dokters werk lang **skofte** in 'n hospitaal. ✓
- 3.9 julle s'n ✓ (half)
- 3.10 myne ✓ (half) (7 ½)

**Vraag 4 (ALLES TEL VOLPUNTE)**

- 4.1 Johannes lees baie boeke; **daarom het hy** 'n goeie algemene kennis. ✓
- 4.2 met die kleurvolle buiteblad ✓; in die modder. ✓
- 4.3 Het jy **nog nie** die boek, Matilda, gelees **nie?** ✓ (korrekte woordorde)
- 4.4 **Moenie** die boek in jou tas sit **nie.** ✓ (**NIE:** moet nie.)
- 4.5 Ek is **nie** lief vir lees **nie.** ✓ (6)

[25]